# Unam teen Wanderers: verwag 'n bielie

## » Klubrugby

**Die laaste ronde voor die half-eindstryde breek môre aan.**

› **Andrew Poolman**

Selfs al sou net trots op die spel wees, bly môre se kragmeting tussen FNB Universiteit van Namibië en FNB Wanderers propvol belofte van klipharde, aanskoulike rugby tussen die twee toonaangewende klubs in die land.

Die finale ronde van groepwedstryde in die Namibië Rugby-unie (NRU) se premierliga bring môre die voorloper Unam (52 punte) teen die tweede geplaaste Wanderers (41) te staan.

Die uitslag lyk in 'n sekere opsig van akademiese belang, omdat die topvier spanne vir die semifinale reeds bepaal is.

Die mees waarskynlike voorspelling is dat FNB Western Suburbs (39 punte) môre sy wegwedstryd teen Rehoboth Rugbyklub sal wen en sodoende by die derde geplaaste Trustco United (40) en dalk selfs by Wanderers verby sal skuif.

Rehoboth se Rooi Bulle sal dus môre met 'n verrassende sege vorendag moet kom en sy opponent van enige ligapunte weerhou om die oënskynlike semifinale ontmoetings (1 Unam teen 4 United, en Wanderers teen Suburbs) deurmekaar te krap.

Wanderers en Unam het elkeen 'n paar staatmakers afgestaan aan die senior nasionale oefengroep vir die Rugby Afrika Gouebeker, wat Maandag vir hul kamp in die hoofstad moet aanmeld met die oog op Augustus se kwalifiserende 2019 Wêreldbekertoetse teen Zimbabwe en Kenia.



Cameron Klassen en sy spanmaats van FNB Unam het in April op FNB Wanderers se veld met 34-37 verloor. FOTO ANDREW POOLMAN

Beide klubs het egter gesonde diepte en hul botsing by die universiteit se kampusveld (15:45) sal ongetwyfeld voldoen aan die verwagtinge wat deur al hul dramatiese naelbytkragmetings van die afgelope drie-en-'n-half seisoene geskep word.

Ondersteuners en selfs neutrales kan dus weer 'n wedstryd te wagte wees wat tot in die doodsnikke in die weegskaal bly. Albei kante het die regte mengsel van harde eerlike werkers en talentvolle wedstrydwenners – hoewel Unam se reserwebank beslis na die sterker brousel lyk.

### AURA VAN ONOORWINLIKHEID

Unam het in sy vorige ligawedstryd op Gemsbokpark teen United slae gekry (36-41), maar met die giftige Lorenzo Louis terug op heelagter behoort die normale orde herstel te wees.

Teen United was die 15-trui as 'n welwillendheidsgebaar aan die besoekende jong Fransman Joffrey Prats besorg, wat ietwat van 'n riller beleef en sy span etlike punte gekos het.

Wanderers het einde April op sy tuisveld Unam se suksesrekord van 37 opeenvolgende oorwinnings kortgeknip (34-37) en die kampioene het dalk nie meer dieselfde aura van onoorwinlikheid nie.

Die taktiese stryd agter die skerms tussen die twee hoofafrigters, Johan Diergaardt en Vince Dreyer, sal ook 'n groot invloed hê.

"Ons mikpunt is nie om tweede ná Unam te eindig nie en ons is ook nie oor die SA Rugby Gold Cup besorg nie.

"Ons fokus is om vanjaar die liga te wen en die res sal vanself kom. Om dit reg te kry, wil ons momentum opbou en al ons oorblywende wedstryde wen," sê Wanderers se ondervoorsitter, Willem van Zyl.

**FNB Unam:** 15 Lorenzo Louis, 14 Shareave Titus, 13 Milaan van Wyk, 12 Camlo Martin, 11 Silvano Beukes, 10 Helarius Kisting, 9 Cameron Klassen, 8 Bradley Klazen (kapt), 7 Rheinhardt Carelse, 6 Renaud van Neel, 5 Nic Kotzee, 4 Muniovita Kasiringua, 3 Tjino Tjirare, 2 Obert Nortjé, 1 Desiderius Sethie.

Reserwes: Jeandre Cloete, Hauta Veii, Graham April, Kami Mieze, Freddy Puriza, Chess Lawrence, Sunday Haitembu.

**FNB Wanderers:** 15 Jamie Joseph, 14 Rudie Pretorius, 13 Johann Tromp, 12 Francois Wiese, 11 Janry du Toit, 10 Stiaan van der Merwe, 9 Dian von Solms, 8 Christo van der Merwe, 7 Adriaan Booysen, 6 Driaan Vorster, 5 Denzil van Wyk, 4 Stef Botha, 3 Quintin Esterhuizen, 2 Stefan Hattingh, 1 Nian Berg (kapt).

Reserwes: DG Wiese, Christo McNish, Johan Meyer, Dirk de Meyer, Edwardo Nell, MP Pretorius, Malcolm Moore.

- Western Suburbs en Rehoboth se spanne is gister teen druktyd nog nie ontvang nie. Rehoboth het met tye in die tweede helfte van die seisoen 'n oplewing getoon, maar die Khomasdallers is 'n hardnekkige kombinasie voorlangs en het altyd oorgenoeg flair in die agterlyn om van enige plek drieë te druk. Afrigter Shaun Kaizemi se Suburbs het in hul onlangse wedstryde ook fikser gelyk.
- Die laaste van die sewe premierligaspanne, Reho Falcon, het punte oorgegee en sal nie môre vir sy finale ligawedstryd teen Kudus op Walvisbaai opdaag nie.